Nuwe voorkoms vir SWARTLAND WYNKELDER se wyne

VARS EN SKOON – dit is hoe Swartland Wynkelder se nuwe handelsmerk beskryf kan word. Dit is ook 'n ware toonbeeld van die wyne wat die afgelope 60 jaar hier geproduseer is.

Die koöperasie van destyds is nou in 'n maatskappy omskep en daar is strategies besluit dat die goed gevestigde handelsmerk 'n nuwe voorkoms nodig het.

Die nuwe Swartland handelsmerk het ontstaan deur na die drie elemente te kyk waarop Swartland Wynkelder hulle besigheid skoei: groei, konsekwentheid en gehalte. Daar is besluit om visueel op die natuurlike elemente van die Swartland te sinspeel soos byvoorbeeld die riviere, golwende koringlande en die kurwe van 'n nuwe wingerdloot - saam bring dit die S en die W van Swartland Wynkelder op 'n sagte tog moderne wyse bymekaar. Die logo is afgerond deur 'n armband van druiwekorrels – die juwele van die Swartland. Die logo simboliseer dus die natuur se gawes en die maatskappy se bestaansredes.

Die vernuwing van die handelsmerk gaan gepaard met 'n oorskakeling na skroefdop vir 'n moderne voorkoms maar sonder om die tradisie van gehalte, waarde en veral konsekwentheid te verloor.

Kyk uit vir Swartland se nuwe-voorkoms en die goeie nuus is dat die pryse dieselfde bly – Swartland Wynkelder bied steeds die beste waarde vir bekroonde wyne. Dit is wat jy verwag van hierdie gawe uit die natuur. 'n Seleksie van die nuwe skroefdop bottels sal vanaf 1 Augustus by die kelder te koop wees.

SWARTLAND WYNKELDER

Tel: 022 482 1134 • www.swwines.co.za

CATAPULT SWL656

Swartland-wynmaker presteer

Corrien Geleijnse van Swartland Wynkelder is een van ses finaliste in Landbouweekblad se Vrouewynmaker van die Jaar. Sy is passievol oor die Swartland-streek en haar doel is om te bewys dat hierdie ruwe en ongerepte wynproduserende gebied ander wynstreke kan oortref. Sy het binne 18 maande die status van rooiwynmaker behaal en sy is verantwoordelik vir Swartland Wynkelder se top rooiwyne. Die produksiespan bestaan uit vier wynmakers waarvan sy die enigste vrou is. Haar persoonlike uitdaging is om te bewys dat sy haar plek as vrou kan volstaan.

"Dit is nie net mans wat goeie wynmakers kan wees nie. Vroue bring die perfekte balans in hierdie bedryf. Hulle het 'n ligter aanslag en volg 'n ander benadering tot wyn maak," sê Corrien.

Swartland Wynkelder wens Corrien en die ander finaliste geluk met hul prestasie.

Nie te koop aan persone onder 18.